SPORT:

Ten einde ons in staat te stel om te kan bepaal hoeveel van ons leerlinge wel in die onderskeie sportspanne opgeneem sal word, is dit nodig dat ons elke ouer se volle ondersteuning het. Dit is noodsaaklik dat elke leerling aan een of ander sportsoort deelneem ten einde 'n gesonde, gebalanseerde kind te kan hê.
Daar word beoog om die leerlinge op 'n toer te neem waartydens hulle 'n netbalkursus sal bywoon. Die kostes word hieronder uiteengesit. Die toere word beoog in die "Mid-Term"-breek vanaf 29 Maart tot 8 April 2012.
Voorts word ouers ook herinner aan die ander sportgeleenthede waaraan die KPS leerlinge gaan deelneem.
Ons wil net graag 'n onderneming van ons ouers hê dat indien u seun of dogter in 'n sportspan opgeneem word, elkeen sy of haar volle ondersteuning sal gee. Dus vra ons dat u die onderstaande teken en terugstuur na die skool. Indien finansies 'n probleem sou wees, wil ons versoek dat u nie u kind[ers] om dié rede uit die spanne sal onttrek nie. Kontak ons gerus. Ons probeer help waar ons kan om ook u kind die geleentheid te gee om te kan ontwikkel op sportgebied.
Ons wil ook 'n behoeftebepaling maak om te sien watter geleenthede die ouers voel ons moet bywoon, en van watter geleenthede die ouers voel ons moet onttrek. Trek dus asseblief 'n duidelike streep deur die onderstaande geleenthede wat u voel is onnodig, of waartoe u uself nie verbind nie.

Ek/Ons _____
[Naam van Ouers]
gee hiermee ons goedkeuring en toestemming dat ons kind[ers] aan die onderskeie sportbyeenkomste mag deelneem indien gekies word en gee ons volle ondersteuning hieraan.

Die netbaltoer waar die kursus gedoen sal word se kostes beloop $1 300 vir Laerskool en $1 800 vir hoërskool leerlinge.

- Privaatskole Atletiekbyeenkoms, Windhoek: Kostes hieraan sal wees busgeld, verblyf en 2 etes. Totaal van ongeveer $250. [9 & 10 Maart]

- Privaatskole Saamtrek: Verblyf, busgeld en etes beloop ongeveer $950. [31 Mei tot 3 Junie]

- Gobabis Interskole: Verblyf, Busgeld en etes beloop ongeveer $450. [29 & 30 Junie]

- Moontlike Opvoedkundige Toer van Seniors – Graad 11 en 12: Verblyf, busgeld en etes beloop ongeveer N$2 000. [29 Maart tot 8 April]

- Sportnaweek Laerskool, Oranjemund: Kostes ongeveer N$200. [Afsluit van seisoen – Augustus]

Voorts onderneem ons om ook nie ons kind[ers] te onttrek van enige sportbyeenkomste waar hul in spanverband moet deelneem nie. [proewe, liga-wedstryde, ander nie hierbo genoem nie]
HANDTEKENING VAN OUER: _____